# HOOFSTUK 11.

## ONDERWYS IN KRUGERSDORP IN DIE TYDPERK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK: 1887 - 1899.

### 1. Onderwystoestande tot omstreeks 1887.

(a) Gedurende die trekjare en selfs vir 'n geruime tyd daarna was daar geen gereelde skoolonderwys nie. Die noodsaaklikste onderwys het egter nie ontbreek nie. Waar daar geen onderwyser beskikbaar was nie, het die ouers self vir die onderwys gesorg. Op trek was die opvoeding van die Afrikaanse kind kernagtig, kerngerig en kerngesond[1].

Ons voorvaders was baie gesteld op 'n sekere minimum van verstandelike ontwikkeling: elke kind moes sy Bybel kon lees, uit sy geestelike liederebundel kon sing, gewone korrespondensie voer en eenvoudige syferwerk uitvoer. Die grondslag en meestal die hele inhoud en inslag van die onderwys op trek en later op die boereplase was lees, sing, skryf, reken en godsdiens[2].

Die Voortrekkerleiers het aandag geskenk aan die onderwys van die jeug. In die tweede Voortrekkergrondwet (Oktober 1838) is in artikel 13 neergelê dat die Raad 'n wakende oog moes hou oor die godsdiens in skole en dit sover moontlik moes bevorder[3].

In dieselfde jaar waarin die „Zuid-Afrikaanse Republiek" tot stand gekom het (1859), is daar ook 'n „Kommissie vir Onderwys" in die lewe geroep, wat 'n begin gemaak het met 'n

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 12.
   V.d. Loo: Om leven en vrijheid, 157.
2. Coetzee: Die Geskiedenis van Onderwys in Potchefstroom 1838 - 1938, 124.
   Bredell en Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger, 6.
   Spoelstra: Ons Volkslewe, 60 - 64.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 16.

stelsel van volksopvoeding wat die Afrikaner bewaar het van analfabetisme[1].

Onder president Pretorius het die Volksraad 'n onderwysorganisasie in die lewe gehou, wat in breë trekke voldoen het aan die vereistes van die landelike bevolking[2].

(b) Toe ds. Burgers in 1871 in Transvaal gereis het, is hy getref deur die treurige toestand waarin onderwys, veral op die platteland, verkeer het[3]. Sy Onderwyswet van 1874 het toe voorsiening gemaak vir klein wykskole, wat skooltjies op die platteland was, dorpskole, wat distrikskole genoem is, en 'n gimnasium[4]. Op die platteland is die stigting van skole egter baie bemoeilik deur die verspreiding van die bevolking, want boere het soms ure te perd van mekaar gewoon. Hierdie Wet het die beginsel van staatsondersteunde in plaas van staatskole neergelê en het die sentrale gesag geplaas in die hande van 'n Superintendent van Onderwys, wat regstreeks aan die regering verantwoordelik was. In die distrikte moes onderwys behartig word deur plaaslik gekose liggame onder voorsitterskap van die Landdros of Veldkornet[5]. Die Wet het meer as enige ander wet voor sy tyd voorsiening gemaak vir die seggenskap van ouers[6], maar tog was dit nooit populêr nie, omdat die bevolking ontevrede was oor die sterk verwêreldliking van die onderwys, soos geblyk het uit artikel 26, wat die godsdiens-

---

1. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 3.
   Engelbrecht: Thomas François Burgers, 133.
2. Bot: a.w., 7.
3. Engelbrecht: a.w., 132.
4. Director of Education: Public Education Report 1900-1904, 59.
   Coetzee: Die geskiedenis van Onderwys in Potchefstroom 1838 - 1938, 169.
5. Bot: t.a.p. a.w., 7.
   Coetzee: t.a.p.
6. Engelbrecht: a.w., 137.

onderrig op skool bepaal het[1].

(c) In 1882 het die Volksraad die Du Toit-onderwyswet (Wet No. 1 van 1882) aangeneem, waarin staatsonderwys die uitsondering en private skole met staatsubsidie die reël geword het[2]. In hierdie wetgewing is die beginsel aanvaar dat die onderwys nie 'n saak van die staat is nie maar wel van die ouers en kerk. Staatsbemoeiing moes beperk bly tot bydrae vir steun, volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys, en toesighouding oor die besteding van geld. Die onderwys moes suiwer Christelik-nasionaal wees, en die oprigting van skole is oorgelaat aan partikuliere inisiatief. Die skole sou dus nie staatseiendom wees nie en die onderwysers nie staatsamptenare nie[3].

Met hierdie onderwyswet het ds. Du Toit 'n stelsel van onderwys in die lewe geroep wat gepas het by die volksaard en tradisies, naamlik 'n stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal. Hierdie Wet het die ondersteuning van die Boerevolk geniet, omdat dit rekening gehou het met hul gees, rigting en behoeftes[4].

(d) In die tagtiger jare was die Krugersdorpse distrik soos dat later was, nog dun bevolk; die mense het slegs in die Moot taamlik naby mekaar gewoon. Omstreeks die jare 1873 tot 1880 het agtereenvolgens Jan Louw, Albertus Thesen en Wiesie Kruger daar onderwys gegee[5]. In 1883 het twee

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 41.
   Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 8.
2. Bot: a.w., 15.
   Coetzee: a.w., 48 - 50.
3. Bot: a.w., 15 - 16.
   Coetzee: a.w., 48.
4. Coetzee: a.w., 51.
   Bot: a.w., 16
5. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 13.

skole in hierdie gebied bestaan, naamlik die van L.H. Keet te Hartebeestfontein 118 en die skool op Doornhoek met A.J. Oomkens as onderwyser[1].

Op 15 April 1884 het ds. G.W. Smits die skool van Keet geïnspekteer. Die gebou is ruim, net en doelmatig bevind. Die meubels was goed en doelmatig. Sang was goed en Bybelgeskiedenis uitmuntend. Diktaat was goed, so ook die lees wat uit die Bybel geskied het. Rekene was redelik vlug en skrif middelmatig. Die orde was goed[2].

Die inskrywing van genoemde skool het in die volgende paar jaar aansienlik gedaal, en om 'n bestaan te maak moes meester Keet maar padgee[3].

In Januarie 1885 het P.G.W. du Plessis 'n skool op Hekpoort geopen[4]. In 1886 is inspeksie gedoen by hierdie skool sowel as by die skool op Zeekoehoek met J.E. de Wet as onderwyser[5]. In dieselfde jaar was daar ook 'n skooltjie op Bultfontein met H.J. Moll as onderwyser[6].

Die meeste onderwysers was onopgelei, en om 'n leidraad te gee, eenvormigheid te bevorder en inspeksie te vergemaklik het superintendent Du Toit standerds in die onderwys ingestel. Skoolboeke was nog baie skaars en veel meer as die <u>A.B.C.-boek</u>, <u>Trap der Jeugd</u>, <u>Afrikaansche Spel- en Leesboek</u>, <u>Het Volksleesboek</u>, <u>Mulders Beknopte Spraakkunst</u>, <u>U en Mijn Cijferboekje</u>, <u>Fondamentsteenen</u> en <u>Juta's Spel- en Leesboek</u> was daar nie. Die Superintendent het hom beywer om meer boeke te kry en het selfs die Volksraad beweeg om honoraria aan skrywers te betaal[7].

---

1. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1883, 16.
2. Ibid., 1884, 16.
3. Bekker: <u>Onderwys in die Bo-Moot</u> ..., 17.
4. Ibid., 19.
5. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1885, 35.
6. Ibid., 34.
7. Coetzee: <u>Onderwys in Transvaal</u>, 53.

Hoewel daar onder Du Toit groot vooruitgang op onderwysgebied was en sy onderwysstelsel die verantwoordelikheidsbesef van ouers vir die onderwys van hulle kinders versterk het, aansluiting gevind het by die godsdiens, taal en tradisies van die Boerebevolking en die kieme gedra het van 'n gesonde, nasionale volksontwikkeling[1], het daar in hierdie geweste op onderwysgebied eers werklik lewe gekom na die ontdekking van goud op die Wes-Rand en die stigting van Krugersdorp.

2. Onderwys in die beginjare van Krugersdorp.

a) Eerste skole op Krugersdorp.

Op 31 Oktober 1887 is die eerste tweehonderd standplase op Krugersdorp verkoop. Binne 'n jaar hierna het ontstaan die St. Maryschool met H.J. Organ as onderwyser. In 1888 is die skooltjie reeds geïnspekteer. Dit is 'n subsidie geweier, omdat Hollands nie die medium van onderwys was nie[2].

Op 21 Januarie 1889 is 'n Hollandse skool geopen met P.J. du Toit, 'n jong man uit die Oudtshoornse distrik, as onderwyser. Die skool is geopen ooreenkomstig Wet No. 1 van 1882, en die skoolkomitee het bestaan uit die volgende here: J.C. Human (Spesiale Landdros) as Voorsitter, N.J.S. Smit (Mynkommissaris), J.J. Scheepers, J.C. Bodenstein, J.H.J. Prinsloo, J. Grey, J.J. du Toit, L. Oosthuizen, M.P.W. Pretorius en S.D. Fick as Sekretaris[3].

Hierdie skooltjie is blykbaar gou weer gesluit, want toe daar later in daardie jaar inspeksie gedoen is op Krugersdorp, het die skool nie meer bestaan nie.

---

1. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 19. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 54.
2. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1888, 19.
3. Staatsargief Pretoria, O.D. 5/1. Brief nr. 154.

Op 16 Augustus 1889 het Kate Papenfus hier 'n Hollandsmediumskooltjie geopen. Die lede van haar skoolkommissie was N.J. Smit, E. Marais en H. du Preez[1]. Weens swak gesondheid het sy haar skooltjie op 1 Julie 1890 gesluit[2].

In Junie 1890 het J.C. Human die Superintendent meegedeel dat 26 applikasies ontvang is om die pos as hoof van 'n ondersteunde skool te Krugersdorp en dat dié van J.J. Smeer van Kimberley aangeneem is. Hy het die onderwyshoof ook versoek om 100 vorms van die Regulasies van die Krugersdorpse Ondersteunde skool te laat druk, omdat daar destyds op Krugersdorp nog geen drukpers was nie[3].

Die skool is gestig deur die N.H. of G. Gemeente, onder die vleuels waarvan dit gebly het tot 1899, toe dit 'n staatskool geword het. Hierdie skool, wat geopen is op 15 Julie 1890[4], en later bekend geword het as Kerkstraatskool, het onder die leiding van bekwame hoofde gegroei wat in donker jare sterk en suiwer gestaan het vir Christelik-nasionale onderwys.

Krugersdorp was bevoorreg om in die beginjare van sy bestaan so 'n bekwame amptenaar soos landdros J.C. Human aan die hoof te hê, wat besondere belangstelling getoon het vir kerk en skool. Dat die ondersteunde skool 'n bekwame skoolbestuurder gehad het, bewys die gedrukte „Regulatiën van de Krugersdorp Ondersteunde school"[5].

J.J. Smeer, die hoof van die skool, was 'n bekwame onderwyser wat verskillende honoraria van die Superintendent ontvang het vir die verdienstelike werk wat hy gelewer het[6].

---

1. Staatsargief Pretoria, O.D. 5/3, Briewe nrr. 261 en 435.
2. O.D. 7/1, Brief nr. 450.
3. Ibid., Brief nr. 497.
4. O.D. 320.
5. Vgl. Bylae A.
6. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1892, 107. Ibid., 1893, 31.

Sy eerste inspeksierapport het reeds getuig van ywer en bekwaamheid[1]:

> „School te Krugersdorp (dorp) Witwatersrand: Onderwijzer: J.J. Smeer. Lokaal en meubels uitmuntend goed. Zwartbord en tijdtafel naar behooren. Leerlingen op de lijst 32, afwesig 1 zonder redenen. Beneden standaard 5 leerlingen, Standaard 1, 8 leerlingen. Spellen en lezen in Fond. 1, bevredigend. Schrijven op de lei goed. Standaard 11, 8 leerlingen. Lezen Fond. 11, tamelijk goed. Rekenen tafels goed, met opschrijven en uitspreken van getallen en optellen en aftrekken begonnen. Stand. 111, 7 leerl. Lezen Fond. 3, goed. Dictaat bevredigend. Rekenen begonnen sameges. regels. Spraakkunst pas begonnen. De geheele school, Bijbelgeschiedenis Oude en Nieuwe Testament, zeer goed. Schrijven over't algemeen bevredigend. Zingen van Psalmen en Gezangen wordt goed onderwezen. Sommigen hebben kennis van B mol en B dur noten. Engelsch wordt over het algemeen goed geleerd. De onderwijzer geeft blijken van ijver en bekwaamheid, en houdt behoorlijke orde."

b) Skole in die gebied wat later die Krugersdorpse distrik was.

Na die ontdekking van goud op die Wes-Rand het daar nie net op die delwerye nie maar ook op die plase in die omgewing 'n roering gekom. Vir die boer se produkte het daar 'n mark gekom. Boerdery het die moeite geloon. Nie net boerderyprodukte nie maar ook houtpale en brandhout het goeie pryse behaal. Kort-kort is die boer met 'n vrag na die goudvelde toe. Behalwe dat die boer toe meer as vroeër met sy medeboere in aanraking gekom het, het hy ook kennis met die Uitlanders gemaak. Sy oë is geopen vir baie dinge, onder andere vir die noodsaaklikheid van goeie onderwys. Hy het geld gemaak, en beter as tevore kon hy toe betaal vir

---

1. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1890, 76.

die onderwys van sy kinders. Meer onderwysers uit die Kaapkolonie en Holland het hulle dienste aangebied, en die onderwystoestande het vinnig verbeter[1].

In die Suid-Afrikaanse Republiek as geheel was daar groot vooruitgang: in die tydperk Januarie 1888 tot Oktober 1891 (toe dr. Mansvelt Superintendent van Onderwys geword het), het die aantal skole vermeerder van 142 tot 315 en die leerlingtal van 3534 tot 8445[2]. In die tydperk was daar egter nie twee maande na mekaar dieselfde aantal skole nie[3]. Baie van die skole was nog van die rondgaande soort, wat nie volgens vasgestelde standerds gewerk het nie maar die aannemingsvereistes tot doel gestel het, hoewel die jaarlikse trek Bosveld toe ook bygedra het tot die skommeling in getalle[4].

Om te sorg vir behoorlike toesig en beheer by die onderwys is die here C.G. de Jonge, H.H. Dijksterhuis en J. Nieuwenhuize in 1888 benoem tot inspekteurs van onderwys[5]. In dieselfde jaar nog is die volgende skole in hierdie gebied geïnspekteer[6]:

| Skool | Onderwyser | Aantal leerlinge. |
|---|---|---|
| Hekpoort | B.C. Lottering | 18. |
| Hekpoort | D.G. Steyn | 20. |
| Hartebeestfontein | M. van Liere | 17. |
| Doornspruit | H. van Goeverden | ? |
| Florida | G.G. le Roux en Mej. H.M.C.H. Beukes | ? |

In 1889 is inspeksierapporte uitgebring oor skole op Groot Paardekraal onder I.J. van Os met 18 en Maraisburg onder H.R. Louw met 44 leerlinge[7].

1. Meegedeel deur vader van skrywer en M.H.O. Kloppers.
2. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1891, 14.
3. Ibid.
4. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A.R., 151.
5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 57.
6. Verslag Superintendent van Onderwys 1888, Inspeksierapp.
7. Ibid., 1889, 46 en 49.

Die volgende skooltjies was in die loop van die jaar in swang maar het weer gesluit[1]:

| Skool. | Onderwyser. |
|---|---|
| Zeekoehoek | Mej. H.M.H. Botha. |
| Roodekrans | A.B. Bisschop. |
| Sterkfontein | W.J. Botha. |
| Zeekoehoek | E.J. Barrett[2]. |
| Kromdraai | J. v.d. Werfft[3]. |

In die jare 1890 en 1891 het die volgende skole bestaan[4]:

| Skool. | Hoof. |
|---|---|
| Bultfontein | T. Haneveld. |
| Doornkloof | F.J. Timmermans. |
| Florida | ? Menkveldt. |
| Groot Paardekraal | I.J. van Os. |
| Hartebeestfontein | Chr. Swanepoel. |
| Hartebeestfontein | W.A. Coetzee |
| Hartebeesthoek | H. Raupp, ook P.P.W. Mitchell. |
| Hekpoort | B.C. Lottering. |
| Maraisburg | H.R. Louw. |
| Nooitgedacht | W.H.H. Brink. |
| Roodekrans | J.F. du Toit, ook mej. R. Bedford. |
| Steenkoppie | D.J. de Villiers. |
| Zwartkop | C. Vermeulen. |

Onderwys het op groot skaal begin uitbrei. Hiervandaan sal daar hoofsaaklik verwisseling, ontwikkeling en uitbreiding wees.

c) Onderwystoestande net voor die diensaanvaarding van Superintendent Mansvelt.

Elke ondersteunde skool het onder die toesig van 'n skoolkommissie gestaan wat „Huishoudelike bepalingen" moes

1. Staatsargief Pretoria, O.D. 320.
2. O.D. 5/1.
3. Verslag Superintendent van Onderwys 1890.
4. Ibid., 1891.
   Ook O.D. 320.

opstel, wat dan vir goedkeuring aan die Superintendent van Onderwys gestuur moes word. Hierdie huishoudelike reëls het feitlik van skool tot skool gewissel[1].

Sommige ouers het 'n kontrak aangegaan met die rondgaande onderwyser om sodoende die wedersydse belange te beskerm[2], want die meeste onderwysers was nog ongekwalifiseerd; verskeie van hulle het nog gedurig rondgetrek, en die skoolwerk was nie van hoogstaande gehalte nie.

Volgens inspekteur De Jonge was daar in die klaskamers nog maar min vordering. Leesonderwys het nog veel te wense oorgelaat, omdat aanvangsleesonderrig nog deur die spelmetode gegee is. In verskillende skole is verskillende leesboeke aangetref omdat die ouers dit so wou hê en die gehuurde onderwysers die ouerlike wil moes uitvoer as hulle nie in die pad gesteek wou wees nie. In verskillende skole was die Bybel nog die leesboek met selfs verskillende druk en spelling.

Rekenonderwys het nog veel te wense oorgelaat, omdat daar hoofsaaklik op syferwerk gekonsentreer is en baie onderwysers onbekwaam was om kinders te leer hoe om rekenkundige probleme op te los.

Aardrykskunde en Geskiedenis is oor die algemeen nog primitief en oppervlakkig onderrig omdat daar in die geval van die eersgenoemde vak 'n gebrek aan kaarte en by die tweede 'n gebrek aan boeke was.

Bybelgeskiedenis is goed onderrig en die vordering daarin was uiters bevredigend[3]. Die goeie resultate wat met Bybelse geskiedenis bereik is, het vir president Kruger vergoed vir al die tekortkominge in die ander skoolvakke en hom gesterk in die verdediging van die ongekwalifiseerde

---

1. Vgl. bylaes B en C.
2. Vgl. bylae D.
3. Verslag Superintendent van Onderwys 1890, Bylae B.

onderwysers[1]. Die President se diep godsdienssin, geloof en Bybelkennis het hom laat glo dat die burger se godsdiens die waarborg vir die behoud van die volk se eie wese en identiteit was[2].

Veral op die platteland is Bybelkennis sekerlik as die belangrikste skoolvak beskou. Die goeie resultate wat hierin behaal is, strek gedeeltelik ook die ouers tot eer, omdat hul die kinders tuis daarin onderrig en onderlê het, want trou aan hul doopbelofte het die ouers die sieleheil van hulle kinders op die hart gedra. Die onderwysers van die wykskole het meestal ook opgetree as katkiseermeesters en die taak getrou en deeglik verrig[3].

Engels het in hierdie tyd sterk op die voorgrond begin tree, want na die ontdekking van goud het 'n ongekende stroom vreemdelinge, hoofsaaklik van Engelse afkoms, Transvaal binnegekom, hul hoofsaaklik op die Watwatersrand kom vestig en aangedring op Engels as medium van onderwys vir hulle kinders. Hulle het hul taal gehandhaaf en was nie geneig om hul kultuur met dié van die Hollandssprekendes te laat versmelt nie. Die toestand het selfs so erg geword dat die Volksraad by wyse van memories versoek is om die gebruik van die Hollandse taal verpligtend te maak. Die gevolg was Wet No. 10 van 1888, wat bepaal het dat Hollands die offisiële taal van die land was en alle ander tale as vreemde tale beskou sou word[4]. Die ontdekking van goud op die Witwatersrand, wat 'n ingrypende omwenteling teweeggebring het op maatskaplike, ekonomiese en politieke gebied, is dus ook op onderwysgebied gevoel. Aan die eenkant is

---

1. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Z.A.R., 159.
2. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 180.
3. N.H. of G. Kerkargief Pretoria. In R.R. 111(1) 1885-1893; ds. Becker: Godsdiensverslag, Gemeente Krugersdorp.
4. Basson: a.w., 182.

doelbewuste pogings aangewend om die Britse invloedsfeer uit te brei, en aan die anderkant is sterk teenmaatreëls getref. Die Volksraad wou die onderwys suiwer hou, want vir president Kruger was onderwys een van die steunpilare van die onafhanklikheid van die Staat[1].

3. Onderwys in Krugersdorp tydens die Superintendentskap van Mansvelt.

a) Die Mansvelt-Onderwyswet.

Op 10 Oktober 1891 het professor Mansvelt van die Victoriakollege, Stellenbosch, sy amp as Superintendent van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek aanvaar. Na hy hom op hoogte gestel het van die werksaamhede van die Onderwysdepartement en onderwystoestande in die Republiek oor die algemeen, het hy 'n reis onderneem deur 'n deel van die Republiek met die doel om persoonlik ingelig te word i.v.m. die toepassing van die Du Toit-Onderwyswet[2].

Op sy reis het hy gevind dat daar in verhouding met die groot som geld wat die regering jaarliks aan die onderwys bestee, oor die algemeen betreklik min deur die inwoners van die Republiek vir die onderwys gedoen word. Hy wou egter nie dat die staatsuitgawes vir die onderwys verminder sou word nie, daar 'n staat, syns insiens, geld nie beter kon belê as in die opvoeding van die jeug nie. Hy het gevind dat baie onderwysers onbekwaam was maar om persoonlike redes aangehou word[3].

Dr. Mansvelt het die uitnodiging aangeneem om op Dingaansdag 1891 op te tree as spreker by Paardekraal. Hy het die geleentheid te baat geneem om die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek in te lig aangaande sy standpunt t.o.v.

---

1. Wormser: Een der Oorzaken van den oorlog in Zuid-Afrika en iets over het onderwijs in Transvaal, 9.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1891, 4-5.
3. Ibid., 6 - 7.

die onderwys[1].

Sy Onderwyswet, bekend as Wet No. 8 van 1892, was in beginsel dieselfde as die Du Toit-Wet, maar dit was 'n vollediger dokument wat die swak plekke van sy voorganger uitgeskakel het[2]. Met hierdie wetgewing is die onderwys stelselmatig georganiseer, geadministreer, gekontroleer en gefinansier[3].

Die Superintendent se ideaal, soos geopenbaar in sy Onderwyswet, was 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel, 'n onderwysstelsel Christelik van aard met die moedertaal as medium van onderrig[4].

Met hierdie Wet is groot verbeteringe in die onderwys teweeggebring. Die administrasie is op 'n hegter grondslag geplaas, en staatstoelaes is verhoog. Groter sentralisasie is ingevoer met die beperking van kleiner ondersteunde skole. Die Hollandse taalbepaling is strenger toegepas[5]. Die inspeksie van skole wat op 'n beter voet ingerig is, het beter kontrole verseker. Die Transvaal is ingedeel in vier kringe, elk met 'n eie inspekteur, van wie verwag is om elke skool twee keer per jaar te besoek. In 1895 is 'n vyfde inspekteur bygevoeg en in 1897 nog een. Die inspekteurs van onderwys was toe: J.K.M. te Boekhorst, J.H. Visscher, H. Moora, J. Nieuwenhuize, T.C. Stoffberg en J.L. Moerdyk[6].

---

1. Vgl. bylae E.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58 - 59.
3. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 20.
4. Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 91.
   Wormser: Een der Oorzaken van den Oorlog in Zuid-Afrika en iets over het onderwijs in Transvaal, 67.
5. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 186.
6. Coetzee: a.w., 64 - 65.
   Wormser: a.w., 64.

Skoolkommissies, wat vir wykskole uit minstens drie lede en vir dorpskole uit minstens vyf lede moes bestaan, sou die skakel vorm tussen die skoolouers en die Administrasie[1]. Die Staat sou alleen 'n skool erken wat 'n erkende skoolkommissie gehad en oor 'n goedgekeurde huishoudelike reglement beskik het. Die skoolkommissie moes sorg vir die skool, meubels en onderwyser, wie se benoeming deur die Onderwyshoof bekragtig moes word[2].

Plaaslike inisiatief van ouers, gesteun deur 'n bydrae van die Staat, was aan die orde van die dag[3]. In dorpskole sou alleen gekwalifiseerde onderwysers toegelaat word. Alle onderwysers wat in ondersteunde skole erken wou word, moes eers bewyse van lidmaatskap van 'n Protestants-Christelike Kerk en van goeie sedelike gedrag voorlê[4].

'n Skoolgids is uitgegee om die Wet aan skoolkommissies en onderwysers te verduidelik. Dit het ook die vereistes vir die verskillende standerds omskryf. Die Gids het daartoe bygedra om die onderwys op 'n hoër en uniforme peil te plaas[5].

Die Wet het ook voorsiening gemaak vir die betaling van honoraria aan onderwysers wat verdienstelike werk gelewer het[6].

b) Staatsondersteuning.

(i) Subsidie.

Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek

---

1. Wet No. 8 van 1892, Artikel 11.
2. Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand, 103.
3. Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 98.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 61.
   Van Tonder: a.w., 104.
5. Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 21.
6. Verslag Superintendent van Onderwys 1892 en 1893, Sertifikate van verdienste.

het uitgegaan van die beginsel dat dit die ouer se taak is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van sy kinders en dat die Staat sy bemoeiinge by laer en middelbare onderwys moes beperk tot aanmoediging en ondersteuning van partikuliere inisiatief en skoolopsig[1]. Aansoeke om subsidie moes geskied op 'n voorgeskrewe vorm, O.7 [2].

Die berekening van die toelae aan 'n skool het geskied volgens twee beginsels: die standaard van onderwys en die gesamentlike bedrag ingevorder aan skoolgelde en vrywillige bydraes tot die skoolfonds. Skole wat voldoen het aan die vereistes vir skoollokale, meublement e.s.m. kon dus driemaandeliks 'n subsidie van die regering vorder, bereken op die basis £5 vir elke £2 ingesamel met skoolgelde en skenkings, met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys. Uitbetaling van subsidies het nie geskied alvorens alle kwartaalstate, wat deur die Hoofonderwyser en twee kommissielede onderteken moes word, korrek gevind is nie[3]. Aansoeke om uitbetaling van die subsidie moes geskied op die voorgeskrewe vorm, O.31, onderteken deur die Penningmeester en die persoon aan wie die uitbetaling moes geskied, asook deur twee getuies vir die handtekeninge[4].

Dit was 'n belangrike werk van die skoolkommissie om die finansiële sake van die skool in orde te hou en die subsidiestate kwartaalliks aan die Onderwysdepartement te stuur. Al is hy bygestaan deur die onderwyser is die Penningmeester persoonlik verantwoordelik gehou vir die juistheid van state. Verskillende state en registers moes byge-

1. Coetzee: <u>Onderwys in Transvaal</u>, 59.
   Wormser: <u>Een der oorzaken van den oorlog in Zuid-Afrika, en iets over het onderwijs in Transvaal</u>, 64.
2. Vgl. bylae F.
3. Coetzee: a.w., 60.
4. Vgl. bylae G.

hou word. Mingeskooldes het sommige van hierdie state moeilik gevind, met die gevolg dat daar dikwels foute voorgekom het, wat die uitbetaling van subsidie vertraag het[1]. As gevolg van sulke foutiewe state moes die onderwyser van Honingklip in 1898 ses maande lank sonder subsidie klaarkom[2].

Ongerymdhede het soms ook voorgekom: om 'n hoër subsidie te bekom het die onderwyser te Sterkfontein twee leerlinge op die register gehad en aanwesig gemerk, hoewel hulle nie die skool besoek het nie. Inspekteur Stoffberg het die oneerlikheid ontdek; die onderwyser is voor die hof gedaag en moes 'n boete van £10 betaal[3]. Nieteenstaande die mistrap is die onderwyser nie ontslaan nie, 'n vergunning waarvoor hy die Superintendent baie dankbaar was[4].

Die Onderwysoutoriteite het streng daarop gelet dat die bepalings van die Wet stiptelik nagekom word. Waar dit nie gedoen is nie, is die subsidie terug gehou. Dit was die verantwoordelikheid van die skoolbestuur om 'n onderwyser te vind, maar alvorens die onderwyser deur die Departement goedgekeur is, is geen subsidie betaal nie[5].

Die terugsending van subsidiestate wat nie korrek was nie, het soms gelei tot onaangename gevoelens tussen die

---

1. Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand, 131.
2. O.D. 78/1, O.R. 11113/98 en O.R. 11236/98.
   (Alle O.D.-stukke wat in hierdie verhandeling genoem word, word gevind in die Staatsargief Pretoria).
3. O.D. 22/2, O.R. 4511/95.
4. Ibid., O.R. 8276/95.
5. O.D. 81/2, O.R. 10678/98.
   Skoolbestuur te Brandvlei moes eers bewys lewer dat F.J.C. Nienaber lid was van 'n Protestantse Kerk.

onderwyser, Onderwysdepartement en skoolbestuur[1]. Die vertraging by uitbetaling het selfs daartoe gelei dat die Floridase skoolkommissie in die hof beland het[2].

Werklik behoeftige leerlinge, wat as sodanig gesertifiseer is deur die landdros of veldkornet en drie kerkraadslede van een of meer van die Portestantse kerke, kon 30/- per kwartaal aan subsidie ontvang[3]. In die jaar 1897 was in die Republiek 37.2% van alle leerlinge gratisleerlinge, terwyl 14.3% van alle leerlinge losies gratis ontvang het. Vir die Krugersdorpse distrik was die persentasies 36.6% en 10.5% onderskeidelik[4].

Op 20 Februarie 1899 het J. Nieuwenhuize, inspekteur van onderwys op die Witwatersrand, geskryf dat die stelsel van gesubsidieerde onderwys vir die grootste gedeelte van die bevolking die beste was en dat die ouers hulle verantwoordelikheid voel en hul pligte nakom, maar

> „... op verscheidene deelen der goudvelden woont eene bevolking, die voor het grootste gedeelte uit behoeftigen bestaat, te arm om tot het onderwijs van hunne kinderen iets bij te dragen; zij zijn te weinig belangstellend, om het oprichting van scholen te bevorderen; missen tijd en kennis, om zich met het schoolbestuur in te laten; zijn door hun werk niet in de gelegenheid, om het getrouw schoolbezoek der kinderen na te gaan; kortom van het „initiatief der ouders", waarvan onze schoolwet spreekt, is bij hen geen sprake"[5].

In Krugersdorp het die armes veral in Burgershoop

---

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1898, 136.
2. Van Tonder: <u>Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand</u>, 142.
3. Lugtenburg: <u>Geskiedenis van die Onderwys in die S.A.R.</u>, 189.
4. Verslag Superintendent van Onderwys 1898, Tabel X11.
5. Ibid., Bylae I.

gewoon.

> „This site was granted them by their Government to assist those who through misfortune or accident happen to be without property"[1].

Van 'n totaal van 126 leerlinge op Krugersdorp in 1897 was 31 gratis leerlinge, terwyl 31 van die 75 op Florida gratis onderrig ontvang het[2].

Ook op die plase was sommige ouers so behoeftig dat hulle nie vir die onderwys van hul kinders kon betaal nie. So byvoorbeeld was daar by die opening van 'n skool op Roodewal in 1899 „18 betalende en eenige arme kinderen"[3].

„Particulier initiatief" alleen het nie in die behoefte van onderwys kon voorsien nie. Die Staat moes derhalwe al meer en meer ingryp en groter somme geld tot beskikking van die onderwys stel;

> „... in spite of all piously worded phrases about parental freedom and parental duty, education was primarily national function and not to be restricted to the parents ... and the State stepped in to remedy the situation as best it could"[4].

Op die platteland is die leerlinge gewoonlik getel, die subsidie bereken en die onderwyser gehuur. Waar die inskrywing gegroei het, het die ouers se bydrae gewoonlik verminder. Onderwysers was soms met die subsidie alleen tevrede, maar as die ouers in groot getalle nagmaal toe gegaan of in die bosveld gaan oorwinter het, het die subsidie so gedaal dat die onderwyser nie kon bestaan nie en maar 'n ander werkkring moes vind. Behalwe hul salaris het onder-

---

1. Praagh: Transvaal and its Mines, 414.
   ook Meegedeel deur C.J. Powell.
2. Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand, 153.
3. O.D. 99/3, O.R. 4199/99.
4. Malherbe: Education in S. Africa, 285 - 286.

wysers meestal ook vry inwoning en voedsel ontvang. In 'n skool met 25 of meer leerlinge kon, behalwe aan voedsel en inwoning, gewoonlik op 'n salaris van £15 per maand gereken word[1]. Die skoolkommissie het meestal die onderwyser volmag gegee om self die subsidie te ontvang, en uit krag van so 'n volmag het die Departement dan die subsidietjek aan die onderwyser betaalbaar gemaak[2].

(ii) Geboue.

By die toekenning van 'n subsidie is dit as voorwaarde gestel dat die skoolbestuur 'n geskikte skoollokaal moes voorsien. By hul aansoek om 'n subsidie het die skoolbestuur gewoonlik die Departement van Onderwys meegedeel dat hulle 'n geskikte lokaal verkry het om as klaslokaal te dien[3].

Skoolbesture was dikwels verplig om aansoek te doen om finansiële ondersteuning van die Staat vir die voorsiening van skoollokale en uitrusting. Die Volksraad het dikwels grond aan skoolbesture geskenk en 'n toelae vir die huur van skoollokale beskikbaar gestel[4].

Waar skoolbesture dit nie kon bekostig om skoollokale op te rig nie, het die Staat bygedra deur yster en hout te

---

1. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 67.
2. Ibid., 68.
   Vgl. bylae H.
   ook O.D. 100/1, O.R. 4658/99. Jno. Smeer, Sekretaris van die gesubsidieerde skool te Krugersdorp, gee volmag aan die hoof F. Eijbers om die subsidie vir die eerste kwartaal 1899 van die regering te ontvang.
3. O.D. 81/2, O.R. 10491/98. Skoolbestuur te Brandvlei deel die Superintendent van Onderwys mee dat 'n skoolgebou en onderwyserswoning verkry is.
   ook O.D. 99/3, O.R. 4199/99. 'n Gebou is op Roodewal beskikbaar wat kan dien as skoollokaal en onderwyserswoning.
4. O.D. 99/3, O.R. 4153/99.

voorsien. Op 4 Mei 1899 het die Superintendent van Onderwys vergesel van die Inspekteur van Onderwys Burgershoop besoek en die kommissie beloof dat hy 'n skool daar sou subsidieer en dat hy 'n toelae of vergoeding sou gee vir dak, deure en so meer, mits die ouers die mure bou en die werkersloon betaal[1].

Skoolbesture het meestal gebuk gegaan onder 'n swaar finansiële las. Met groot moeite en opoffering het die skoolbestuur te Florida in 1896 'n sierlike skoolgebou opgerig maar kon toe nie die salarisse van die onderwysers bybring nie en was genoodsaak om staatshulp te vra[2].

Ook vir die oprigting van onderwyserswonings kon staatshulp verkry word: Die skoolbestuur te Onrust het aansoek gedoen om rentevergoeding vir die onderwyserswoning gewaardeer op £450. Inspekteur Nieuwenhuize het gaan ondersoek instel en die waarde en 'n huurgeld teen £3 per maand billik gevind[3].

B.A. Kloppers en N.M.J. Grobler van Hartebeestfontein 118 het in 1898 'n onderwyserswoning opgerig waarvan die boukoste £250. 16. 0 en materiaal £74. 16. 0 beloop het. Hulle het verklaar dat hul dit ter vruggebruik van die skoolkommissie „der Vereenigde School" te Hartebeestfontein afgestaan het en „... dat wij niets zullen doen, waardoor het voortbestaan der school zou worden belemmerd". 'n Rentevergoeding van 6% op £250 is aan hulle toegestaan[4].

Die aansoek van die skoolbestuur te Hekpoort in Januarie 1898 om yster en hout is aan die sekretaris, J. de Witt, teruggestuur, omdat die aansoek in 'n vreemde taal gestel is. Hy is versoek om dit „in de landstaal in te zenden"[5]. Die

---

1. R. 8628/97 en O.D. 99/3, O.R. 4153/99.
2. O.D. 31/3, O.R. 3206/96.
3. O.D. 100/1, O.R. 4661/99 en O.R. 15402/99.
4. O.D. 71/1, O.R. 6257/98.
5. O.D. 257 Brieweboekkopie, bl. 734, O.R. 812/98.

nodige hulp is later egter verleen, want in die volgende jaar is 'n beëdigde verklaring voor veldkornet S.F. Oosthuizen van wyk 3, distrik Krugersdorp, afgelê deur G.J. Kruger, Voorsitter, en A.J. Cronje, Penningmeester, dat £261. 0. 0 bestee is aan die oprigting van 'n onderwyserswoning te Hekpoort[1].

Talle skoolbesture het aansoek gedoen om en hulp ontvang vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings, onder andere[2]:

> Holfontein vir 'n skoolgebou, Rietvlei vir 'n skoolgebou, Waterval vir 'n skoolgebou, Hekpoort vir 'n skoolgebou en 'n onderwyserswoning, Bultfontein vir 'n skoolgebou en 'n onderwyserswoning.

Mettertyd het die onderwys in 'n rigting ontwikkel waar die Staat die leeue-aandeel in die bestryding van die onkoste daaraan verbonde moes dra[3].

c) Wisselende bestaan en uitbreiding van skole.

Op die platteland het verskillende skooltjies slegs 'n kort bestaan gehad, omdat goeie onderwysers skaars en hulle diens dringend benodig was. Die burgers het langsamerhand begin besef dat nie enigeen as 'n onderwyser kon optree nie[4].

In 1892 was verskillende skooltjies wat in 1891 oop was, weer gesluit terwyl op die volgende plase skooltjies geopen is[5]:

---

1. O.D. 113/2, O.R. 16576/99.
2. Verslag Superintendent van Onderwys 1898, Bylae A.
3. Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand, 161.
4. Verslag Superintendent van Onderwys 1893, 5.
5. Ibid., 1892, Lys van skole en onderwysers.

| Skool | Onderwyser(s) |
|---|---|
| Koesterfontein | A.B. Botha. |
| Boschkop | H.J. Moll. |
| Kromdraai | G.P. v.d. Broeck. |
| Doornhoek | Mej. M. Keet. |
| Doornspruit | Mej. M.M.H. Botha. |
| Rietfontein | M. v.d. Maas. |
| Roodekrans | J.F. du Toit. |
| Tweefontein. | J.H.J.S. Weezelenburg. |
| In 1893 het bygekom[1]: | |
| Nooitgedacht | J.J. Hartzenberg. |
| en in 1894[2]: | |
| Hamberg | C.K. Hamman en mej. M.G. Hamman. |
| Muldersdrift | J.F. du Toit. |
| Honingklip | G.P. v.d. Broeck. |

In die jaar 1895 was daar 3 delwerskole met 132 leerlinge in die laer en 8 in die middelbare afdeling, terwyl 22 wykskole gedurende die jaar oop was, met 242 leerlinge in die laer en 4 in die middelbare afdeling, dus 25 skole in die geheel met 386 leerlinge[3].

Behalwe in die jaar 1896, toe daar as gevolg van die runderpes en die daarmee gepaardgaande moeilikhede 'n geringe daling in inskrywing was, het die leerlingtal geleidelik toegeneem, terwyl die aantal skole voortdurend gewissel het. Aan die einde van 1897 was daar 15 wykskole met 270 leerlinge en 5 skole op die delwerye met 'n inskrywing van 254 - tesame dus 20 skole met 524 leerlinge.

In die laaste jaarverslag van superintendent Mansvelt, naamlik die van die diensjaar 1898, word vooruitgang gerapporteer in die Republiek, wat hy toegeskryf het aan

> „de nog steeds toenemende waardering van goed, degelijk onderwijs onder onze burgers en de milde ondersteuning, van Regeeringswege aan het particulier initiatief verstrekt"[4].

---

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1893, Lys van skole en onderwysers.
2. Ibid., 1894.
3. Ibid., 1895, 30.
4. Ibid., 1898, 4.

Hierdie bewering het ook gegeld vir Krugersdorp, waar die posisie soos volg was[1]:

| Aantal skole | Aantal leerlinge Laer Onderwys | Mid. Onderwys | Totaal |
|---|---|---|---|
| 15 Wykskole | 293 | 7 | 300 |
| 3 Delwerskole | 239 | 23 | 262 |
| 1 Staatskool | 93 | 13 | 106 |
| 19 | 625 | 43 | 668 |

In 1899 het die skooltjies Bultfontein[2], Tweefontein[3] en Doornhoek[4], wat in 1898 gesluit is, weer heropen, terwyl die skooltjie van N. Vallentgoed op Sterkfontein aan die begin van 1899 op Driefontein geopen is[5].

4. Onderwysers(esse).

a) Kwalifikasies.

Die Onderwysdepartement en skoolbesture het nie net gesukkel om voldoende onderwysers(esse) vir die gesubsidieerde skole te kry nie maar kon veral nie opgeleide leerkragte vind nie. Hoewel die posisie langsamerhand verbeter het, was in die Z.A.R. in 1895 slegs 40% en in 1896 slegs 43% onderwysers opgeleide persone[6].

Onderstaande tabel toon aan dat die grootste persentasie wat in 1895 in Krugersdorp in diens was, onopgeleid was, terwyl die ander meestal swak gekwalifiseerd was[7].

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1898, 14.
2. O.D. 326, O.R. 13867/99.
3. Ibid., O.R. 11532/99.
4. Ibid., O.R. 10850/99.
5. Ibid., O.R. 12329/99.
6. Ibid., 1896, 44.
7. Ibid., 1895, Bylae Vll.
   S.E;K.K.: School Elementary Certificate, Kaapkolonie.
   S.H;K.K.: School Higher, Kaapkolonie.
   1ste Klas: Onderwijzerscertifikaat der 1e klasse, Z.A.R.
   2de Klas: Onderwijzerscertifikaat der 2de klasse, Z.A.R.
   3de Klas: Onderwijzerscertifikaat der 3de klasse, Z.A.R.
   M.T;K.K.: Mid. Cl. Teachers Certificate, Kaapkolonie.
   2de Gr.L.&W.;O.V.S.: Tweede Graad Letteren en Wetenskap, O.V.S.
   O.N.: Onderwijzerscertifikaat, Nederland.

| Onderwyser | Skool | Sertifikaat | Ongesert. |
|---|---|---|---|
| H.G. Angerstein | Rietvlei | - | 0 |
| A. Bester | Sterkfontein | S.H;K.K. | - |
| J.D. Bosman | Hekpoort | S.E;K.K. | - |
| G.P. v.d. Broeck | Sterkfontein | 3de Kl. | - |
| H.W.v.Coller (mej.) | Zwartkop | V & Vl & St.;K.K. | - |
| R.J.v.Ellewee(mej.) | Florida | 3de Kl.;K.K. | - |
| C.K. Hamman | Roodepoort | - | 0 |
| M.G. Hamman (mej.) | Roodepoort | - | 0 |
| S. 't Hart | Vlakfontein | - | 0 |
| J.J. Hartzenberg | Muldersdrift | - | 0 |
| J. Hauptfleisch | Olifantsvlei | - | 0 |
| A. Heunis | Zeekoehoek | - | 0 |
| S. Hugo | Florida | M.T;K.K. | - |
| M. Kloppers | Hekpoort | - | 0 |
| H.A.J. Potgieter | Hartebeest-fontein | 2de Gr.L.&.W. O.V.S. | - |
| J. du Preez (mej.) | Krugersdorp | - | 0 |
| J.J. Smeer | Krugersdorp | 1e Kl.,M.T;K.K. | - |
| J.H.B. Swaters | Tweefontein | - | 0 |
| J.F. du Toit | Sterkfontein | - | 0 |
| J. Vegter | Hekpoort | 2de Kl.,O.N. | - |
| D.H. Viljoen | Maraisburg | - | 0 |
| D.J. de Villiers | Hekpoort | - | 0 |
| S. Walton (mej.) | Krugersdorp | 3de Kl.,S.H;K.K. | - |

Die Mansvelt-wet het bepaal dat aan dorpskole slegs gekwalifiseerde onderwysers aangestel mag word. 'n Persoon wat sy onderwyssertifikaat buite die Republiek verwerf het, moes dit in die geval van benoeming in 'n dorpskool vir goedkeuring aan die Raad van Eksaminatore voorlê, terwyl dit vir wykskole by die Superintendent van Onderwys ingelewer moes word. 'n Bewys van lidmaatskap van 'n Protestantse kerk was 'n vereiste[1].

Die meeste onderwysers in wykskole was ongekwalifiseerd. Baie ouers het voorkeur gegee aan sulke onderwysers, omdat hulle bereid was om teen 'n kleiner vergoeding te werk en tog bevoeg was om die jeug vir die „aanneme" voor te berei[2].

1. Van Tonder: Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand, 176.
2. Ibid., 174.

Die kwaliteit en inhoud van die onderwys in hierdie skole kon dus in die meeste gevalle nie van hoogstaande aard gewees het nie, soos met onderstaande voorbeeld geïllustreer kan word: In 1895 vra die onderwyser te Hartebeestfontein erkenning as onderwyser en kla dat die Onderwysdepartement sy briewe nie beantwoord nie. Dit kon egter nie beantwoord word nie, omdat sy adres nie aangegee was nie[1]. Later in die jaar het hy weer geskryf en onder andere gesê[2]:

> „Indien U.E. mijn wellen inschrijven als eener gesubsidieerde onderwijzer ik zou zeer ver blijd wezen, Want ik wel gevoeld mij eiverig om als onderwijzer te dienden. En ik wel zoo gaarne die Algemeene Vergadering der Vereeniging van onderwijzers en onderwijzeressen bijwonen. En daar ik vernomen dat het onderwijs nu moet meer Engelsch Geonderwijzen worden En daar ik mij Volstrekt met zulk'ts niet kunnen Vereenegen;
>
> Verder blyf ik.
>
> Uwe
>
> Diensdoenende
>
> Dienaar"

'n Maand later het hy weer geskryf en die Superintendent meegedeel dat die skool reeds op 2 Januarie 1895 geopen is en vir een jaar staande sou bly. Die name van die skoolbestuur is gegee, en weer het hy om 'n subsidie gepleit.

Die Superintendent was alleen bereid om hom as assistent aan te neem, en dan op voorwaarde dat hy les moes neem by 'n gekwalifiseerde onderwyser. Op grond hiervan het hy toe 'n verklaring afgelê dat hy tweeweekliks les sou neem by J.J. Smeer, van Krugersdorp, of 'n ander bekwame onderwyser, in die Hollandse taal, lees, reken en skryf, en dat hy by die instuur van sy rekening aan die einde van die kwartaal 'n verklaring van vordering sou byvoeg[3].

---

1. O.D. 20/1, O.R. 2685/95.
2. Ibid., O.R. 1923/95.
3. Ibid., O.R. 2685/95.

Die skoolkommissie het ook gevra dat 'n subsidie betaal moes word en het 'n lansie vir die onderwyser gebreek ....

> „de onderwijzer heef vele kinderen tot hun lidmaadschap gebracht, de onderwijzer beantwoord niet ten volle aan de wet, maar in het zingen is hij ver gevorderd zooals hier weinig onderwijzers is en ook kan hij een weinig rekenen en tamelik schrijven".

Hulle het gevra dat hy as eerste assistent benoem moes word[1].

As in aanmerking geneem word dat Hartebeestfontein ongeveer 25 myl van Krugersdorp lê en vervoer en paaie baie swak was, dan was die opoffering wat die onderwyser hom wou getroos om aan die vereistes van die Superintendent te voldoen, nie gering nie.

Hierdie voorbeeld bewys dat op die platteland voorbereiding vir die „aanneme" nog in die negentiger jare as een van die hoogste vereistes vir 'n onderwyser gestel is.

b) Tydelik erken.

Die wet ten opsigte van gesertifiseerde onderwysers in dorpskole kon weens die skaarste aan opgeleide onderwysers nie streng toegepas word nie, derhalwe het die Onderwyshoof gedeeltelike of ongekwalifiseerde onderwysers voorlopig erken op voorwaarde dat hulle die aanvullingseksamen vir die onderwyserseksamen sou aflê. In die begin van 1896 het die Onderwyshoof se kantoor die skoolbestuur te Florida meegedeel dat hulle skool gelyk staan aan 'n dorpskool, volgens 'n besluit van die hoogedele Regering. Op grond van dié besluit moes die personeel voldoen aan artikel 29 van Wet No. 8 van 1892. Aangesien die heer S. Hugo en mej. R.J. van Ellewee slegs gedeeltelik voldoen het aan die vereistes, is die skool erken tot die eersvolgende inspeksie, op voorwaarde dat die personeel binne redelike tyd 'n aanvullingseksamen aflê[2].

1. O.D. 20/1, O.R. 3853/95.
2. O.D. 29/1, O.R. 1049/96.

Die onderwysers(esse) en kwekelinge op onderstaande lys, wat in 1897 in gesubsidieerde dorpskole werksaam was, is voorwaardelik of slegs tydelik erken[1]:

Florida:

| | |
|---|---|
| Mej. R. Mocke | Mej. E.C. Keet. |
| Mej. J. Zwanepoel | Mej. M. Morris. |

Krugersdorp:

| | |
|---|---|
| Mej. B. Brunner | Mej. E. Scheepers. |
| Mej. A. Bodenstein | Mej. S.M. Gey van Pittius. |
| J.C. Theunissen | Mej. F.C. v.d. Borne. |

Roodepoort:

P.J. Malan.

In 1898 is in bogenoemde skole agt onderwysers(esse) voorwaardelik en twee tydelik erken[2].

5. Die Kerk bevorder onderwys in Krugersdorp.

Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Krugersdorp, met sy kerk in die middel van die dorp en met slegs 'n heining geskei van die Kerkstraatskool, het sedert sy stigting deur die jare heen die opvoeding van die jeug op die hart gedra en 'n hartlike samewerking tussen kerk en skool bewaar. Reeds op 7 Junie 1890, die stigtingsdatum van die Gemeente, is 'n afvaardiging benoem om die Skoolkommissie te nader om die skool te gebruik vir kerkdoeleindes. Die voorsitter van die Skoolkommissie, ouderling J.C. Human, het die afvaardiging meegedeel dat die Skoolkommissie besluit het:

> „Dat het schoolgebouw aan de Ned. Herv. of Geref. Kerke Commissie vrij afgestaan wordt voor kerkelijke doeleinden, tot tijd en wijl er andere voorzieningen daarin gemaakt kunnen worden"[3].

---

1. Verslag Superintendent van Onderwys 1897, 20-25.
2. Ibid., 1898, Bylaes B en C.
3. N.H. of G. Kerk Krugersdorp, Notules van Kerkraadsvergaderings 1890 - 1910, 2.

Onderwyser Smeer was nog ongetroud, en op 6 Oktober 1890 het die Skoolkommissie besluit om die onderwyserswoning vir 'n onbepaalde tyd tot beskikking van die Kerkraad te stel om gebruik te word as pastorie[1].

Dat die Kerkraad nie net die onderwys op Krugersdorp op die hart gedra het nie, bewys die versoek van die skoolkommissie op Roodepoort, wat op 15 April 1895 voor die Kerkraad gelê is, naamlik dat die Kerkraad finansiële steun bied „voor het te worde opgerichte schoolgebouw aldaar". Die Kerkraad het ingewillig, en die eiendomme sou op naam van die Gemeente getransporteer word[2]. Op 'n later vergadering het die Kerkraad besluit: „... de som van £20. 17. 0 verskuldig voor schoolbanken aan de school te Roodepoort te betalen"[3].

Die gedagte „grond vir Kerk en Skool" was algemeen in die negentiger jare: Op 12 Julie 1897 deel

> „Broeder Hamman mede dat de oorspronkelijke eigenaar van Vogelstruisfontein te Hamburg een stuk grond 6 erven 75 vt. X 75 vt. tw. 131 tot 136 voor Kerk en School doeleinden onzenthalve afgezonderd heeft"[4].

Ook W. Kok het te Roodewal 'n stuk grond vir kerk en skool geskenk[5].

Toe die behoefte aan 'n skool in Burgershoop ontstaan het, het die Kerkraad voorsiening gemaak vir grond. 'n Vergadering van ouers is belê, en ses lede is gekies, drie om die Kerkraad en drie om die ouers te verteenwoordig. Hierdie komitee is benoem as boukommissie, waaraan die bou van 'n skool opgedra is[6].

---

1. N.H. of G. Kerk Krugersdorp, Notules van Kerkraadsvergaderings 1890 - 1910, 15.
2. Ibid., 118.
3. Ibid., 247.
4. Ibid., 202.
5. Ibid., 399.
6. N.H. of G. Gemeente Krugersdorp, Gedenkskrif, 25.

Die geleentheid is vir onderwysers geskep om die gemeente tot diens te wees. Talle het gedien op die kerkraad en het opgetree as katkiseermeesters. Die kerk kon sodoende sy invloed regstreeks in die skole laat geld.

Ander aspekte van die opvoeding het ook die aandag van die kerk geniet. Geldelike steun is aan P.J. Schoeman van Welverdiend op sy versoek verleen om hom as onderwyser te bekwaam. Toe onderwyser P.B. Botha se subsidie ingetrek is, het die Kerkraad 'n lid benoem om saam met die skoolkommissie van Brandvlei 'n deputasie na die regering te vorm[1].



1. N.H. of G. Gemeente Krugersdorp, Gedenkskrif, 27.



Krugersdorp Ondersteunde skool 1896.

3.



1. 2.

Skoolkommissie Krugersdorp Ondersteunde skool 1898.

1.Ds.G.Radloff 2.Landdros J.C.Human 3. J.Grundlingh.